




BOIKANYO
SOLAR



KWARTAAL 2 2022 NUUSBRIEF



BEWUSTHEID VAN GESLAGSGEBASEERDE GEWELD

Ons het met plaaslike belanghebbers saamgewerk om 'n bewustheidsveldtog te loods wat daarop gemik is om die negatiewe impak te hanteer wat geweld en mishandeling op vroue en kinders het en om mishandeling permanent uit die samelewing te verwyder.

Die doelwit van die program is om geweld in naby verhoudings as 'n geslagsgebaseerde verskynsel te voorkom en geslagsgelykheid te bevorder.

"GBV is 'n pandemie, en soos 'n siekte gaan dit voort om ons samelewing te verlam en vroue en kinders hulle reg te ontnem om veilig te wees en met hulle daaglikse lewens voort te gaan sonder die vrees dat hulle vermoor of verkrag sal word, indien nie albei nie. Dit is 'n skending van menseregte wat tot sielkundige trauma vir slagoffers kan lei." **Pamela Matyeka, CLO vir Boikanyo Solar.**



KMMO-SERTIFIKAATGELEENTHEID

As deel van ons ondernemingsontwikkeling-versnellingsprogram het 35 KMMO's by die voltooiing van die program van nege maande sertifikate ontvang.

Die doel van die program was om entrepreneurs te bemagtig en toe te rus met vaardighede om 'n volhoubare besigheid te vestig en bedryf wat op ekonomiese vlak 'n verdere impak op die gemeenskap kan maak deur werk en dienste te verskaf wat nodig is, en is daarop gemik is om die hoë werkloosheidskoers in die land te bekamp.

Voorts is 15 entrepreneurs wat by die nege maande lange program geregistreer is, gekies om verdere steun in die vorm van tegniese geakkrediteerde opleiding te ontvang.

"Dit was 'n groot eer en voorreg om deel van die Boikanyo Solar-ondernemingsontwikkelingsprogram en die sertifikaattoorhandigingsremonie te wees. Dit was die moeite werd om die opleiding by te woon, en ek sal nie omgee om meer opleidingssessies by te woon nie, aangesien dit my help om op my loopbaan in die sakewêreld te fokus. Die opleiding inspireer my om my besigheid uit te brei en werksgeleenthede te skep," **sê Christine Sentiwe, direkteur van DTS Business Trading Enterprise and Projects (Edms.) Bpk.**



boikanyosolar.co.za



info@boikanyosolar.co.za



Like ons Facebook blad | RenewEnergyCo

SKOOLKINDINISIATIEF: SKOOLSAKKE MET PAKKIES TOILETWARE EN SKRYFBEHOEFTE

Ons is trots om aan 150 graad 9- en 10-leerders in drie skole in die Siyancuma Plaaslike Munisipaliteit nuwe skoolsakke met ons handelsmerk op te kon skenk. Die sakke sluit 'n pakkie toiletware en skryfbehoeftes per leerder in.

Hierdie Terug Skool Toe-program in samewerking met die Departement van Onderwys is bekend gestel om waardigheid te bevorder en die leerders se selfvertroue en selfbeeld te verbeter, en sodat hulle nie voel hulle is minderbevoordeel nie.

'n Plaaslike KMMO in 'n swart man se besit is ook bevoordeel deurdat hulle die handelsmerk op die sakke geplaas het. Sodoende is 'n bydrae tot sosio-ekonomiese ontwikkeling en plaaslike ekonomiese ontwikkeling gemaak.



"'n Skoolsak met toiletware en skryfbehoeftes is belangrike instrumente en 'n belangrike element van 'n kind se skoolloopbaan, aangesien dit verseker dat die leerders belangrike skoolgereedskap het om te help om hulle te motiveer om skool by te woon, en hulle word aangemoedig om te besef hoe belangrik 'n skoolopvoeding is," sê Pamela Matyeka.



IKT-VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGSOPLEIDING IN STELSELONTWIKKELING OP NKR-VLAK 4

Twintig jongmense van Douglas in die Noord-Kaap het aan 'n IKT-vaardigheidsontwikkelingsopleidingskursus vir tegnisi deelgeneem wat deur Boikanyo Solar gefinansier is.


Deur hierdie gekrediteerde kursus verwerf deelnemers kennis en vaardighede in IT en ontvang 'n tegniese ondersteuningstifikaat op vlak 4, met 163 krediete. In fase 2 van die opleidingsprogram sal deelnemers 'n Verdere Onderwys en Opleiding-sertifikaat (FETC) in Inligtingstegnologie: Stelselontwikkeling, op vlak 4, met 165 krediete ontvang.

Hierdie kwalifikasie het ten doel om grondslagtoegang tot die gebied van rekenaarwetenskap en inligtingstegnologie te verskaf, veral op die gebied van stelselontwikkeling.

"Ek vind hierdie program baie nuttig en opwindend en ek is baie dankbaar om so 'n wonderlike geleentheid en ervaring te kry. Een van my drome is om my eie besigheid te begin waar ek kinders en voorheen benadeelde jongmense kan leer oor rekenaars en hoe om webwerwe te skep," sê Lebogang Mongale, een van die deelnemers.

KWARTAALLIKSE UITEENSETTING (2DE KWARTAAL)

- Onderwys
- Harte en Denke
- Vaardigheidsontwikkeling
- Ondernemingsontwikkeling



KONTAK ONS

Fisiese Adres
Boikanyo Solar Site

Kantoorure
Maandae tot Vrydae: 08:30 – 17:00

Gemeenskap Skakelbeampte
Pamela Matyeka
078 603 2958 or 063 033 4800

BLY VEILIG
#CoronaVirus

www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:
www.sacoronavirus.co.za